Nuusbrief Newsletter
7 | 2025
07 |03| 2025

# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

## BELANGRIKE DATUMS

Fri 7 March: Hockey u.14 Boys Boland trials
Vry 7 Mrt: Rugby Gesinsaand (fondsinsameling)
Sa 8 to Sun 9 March: Spar Girls Hockey Tournament (u.16 & u.18)
Ma 10 Mrt: Dogtershokkie Boland proewe
Di 11 Mrt: Aanlynplatform vir 2026 gr8-aansoeke open
Tue 11 March: Start of Test series
Wo 12 Mrt: Beheerliggaamvergadering
Thu 13 March: SA Maths 1ste round
Vry 14 en Sa 15 Mrt: Atletiek Wes-Kaap Kampioenskappe
Vry 14 & Sa 15 Mrt: Robbie Fees (rugby, netbal, hokkie) by HS Robertson

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

7 Mrt: Me Augusta Moos (Koshuis)
15 Mrt: Mnr Sebastiaan Nieuwoudt




**JAARTEMA: VOETSPORE**

## BEHEERLIGGAM TUSSENVERKIESING

Baie geluk aan die volgende ouers wat in twee vakante posisies op die beheerliggaam verkies is:

Mnr Francois van Jaarsveld
Mnr Vasie de Wet

Ons wens hulle alles wat mooi is toe en is dankbaar vir hul tyd, energie en leiding wat hul op hierdie wyse terugploeg in die skool en gemeenskap.

## KULTUUR

**SPECIAL GUEST VISITS BHS**
Bredasdorp High School had a special guest during assembly on Tuesday, 4 March.

Kyle Morkel, a 2019 BHS matriculant, spoke about his journey into acting and ultimately directing his own web series, Tussen Duine. The first episode of Tussen Duine is already available on YouTube, with new episodes being released every Sunday at 20:00. We wish Kyle all the best with his upcoming auditions and with the release of the rest of his series.



## DANKIE

Die netheid en aansig van Hoërskool Bredasdorp se geboue, tuine, sportvelde ensovoorts is nie net danksy die harde werk van mnr Antonie du Toit (beheerliggaam) en terreinwerkers nie, maar sal onmoontlik wees sonder die skenkings/borge van besighede en persone uit die gemeenskap. Ons opregte dank aan die volgende instansies en persone wat onlangs bygedra het tot Hoërskool Bredasdorp se projekte:

* **SRS Roofing** (Mnr Jannie Engelbrecht)
  Groot afslag op die hout vir die nuwe pawiljoen balustrade

* **Nation Mushrooms** (Mnr Wiaan Theron)
  6 ton sampioenkompos en 2 hektaar suurvytjies vir die tuinprojek

* **Overberg Meat** (Mnr Dian Giliomee)
  6 ton kompos vir tuinprojek




**KWARTAALTEMA**
Voete op die grond

**WENNER VAN NAPIER WOORD-EKSPEDISIE 2025**

Hartlik geluk aan Suzanne Pretorius in gr 12, die wenner van Napier Woord-Ekspedisie 2025 se poësiekompetisie vir jongskrywers.

Gr 10 tot 12-leerders afkomstig van skole in die Overberg Onderwysdistrik (Caledon, Hermanus, Napier, Swellendam), het op 18 Februarie in Napier eers 'n skrywerswerkswinkel bygewoon, waarna hulle in die volgende sessie hul gedigte onder toesig geskryf het. Die twee keurders van die skrywerskompetisie was mnr Marius Swart, dosent in Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch en self 'n oud-BD (matriekklas 2002) en me Mathabo le Roux, redakteur van die Suidernuus.

Die aanbieders sê dit was voorwaar 'n groot voorreg om die talentvolle, dapper, denkende jongmense van die Overberg-distrik te kon ontmoet.

As wenner het Suzanne vir haar R1000 losgeskryf – baie geluk! Ons is baie trots op jou!




**LOK-SIMPOSIUM**

HSB se Afrikaanse vakspan het verlede naweek die jaarlikse Letterkunde Simposium (LOK) by die Universiteit van Stellenbosch bygewoon. Hulle het die voorreg gehad om na kundige sprekers in hul vakgebied te luister, waardevolle wenke vir Afrikaanse onderrig te kry en met 800 Afrikaanse kollegas regoor die Wes-Kaap skouers te skuur. Boonop is hul getrakteer met puik optredes van twee bekende skrywers: Fanie Viljoen (outeur van Onderwêreld, tans die gr 12 Voorgeskrewe roman) en Erns Grundling (joernalis en aanbieder van Elders op kykNet).

**JAARTEMA**
Voetspore



'n Spesiale oomblik gedeel by LOK 2025
Mnr Marius Swart, Afrikaans dosent by Universiteit van Stellenbosch en trotse oud-BD, me Liezel van Schalkwyk (sy Afrikaanse onderwyseres 2000 tot 2002) en me Marné Brosens (Afrikaans kurrikulumadviseur: Overbergdistrik) na afloop van mnr Swart se aanbieding: raak Kreatief in Afrikaans.



As 'n mens nou nie self jou voetspore in die Camino-stofpad kan agterlaat nie, gaan ervaar jy dit elders, soos by die LOK-simposium in Stellenbosch.
Me Nuwie van der Walt saam met mnr Erns Grundling

## AKADEMIE

Die gr 12 Verbruikerstudieleerders, onder die bekwame leiding van me Eloïse Nel, mag maar spog met hul Suurlemoenskuimterte (Lemon Meringue). Die onderwysers wat die voorreg gehad het om te proe, het gesê dit was eersteklas tuisgebak.



Fiago Afrika, Ashnee Simons en Azaiya Valentine



Josh Swart, Darren Jones en Ané Koch



Elske en Renske Lottering

\

## SPORT

**JEUGSKOU**
**Swellendam Jeugskou (1 Maart 2025) uitslae:**

Kulinêrekuns Junior:
Chloé Wagener - 4de plek

Kulinêrekuns Senior:
Tamzin Murray - 1ste plek
Roché Davids - 2de plek
Kaylee Nel - 3de plek
Lucy Turvey - 4de plek
Mikayla de Jager - 5de plek

Suiwelbereiding junior:
Leslie-Ann Janse van Rensburg - 1ste plek
Mila Kriel - 2de plek

Suiwelbereiding senior:
Janko Rossouw - 1ste plek
Bradley Zindonda - 2de plek

Pluimvee:
Wilmé Parsons - 4de plek

Perde:
Jessica Flack: 5de plek (gestaak weens reën)

Fotografie:
Charmain Strauss 1ste plek
Leila Donald 2de plek
Marli van Zyl 3de plek
Noa Myburg 4de plek

**SKAAK**
**Die 2de rondte skaakproewe (in Caledon) is uitgestel na 22 Maart 2025.**

**RUGBY: ARENDE AANDREEKS (aangebied deur Hoërskool Strand, 5 Maart 2025)**

**OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT**
Eerstespan wen Hoërskool Hottentots Holland 24 – 22

Drieë: Camden January, Fortune Goni, Anton van den Berg,Tyrique Adonis
Doelskoppe: Fortune Goni (2)

ROLA o.16 A wen Hoërskool Hottentots Holland 21 – 12

Drieë: Elam Mkapeni, Walied Fortune, Waylon Abrahams
Doelskoppe: Waylon Abrahams (3)



## SUN CITY TENNISTOERNOOI

Die **Heuningberg Mediese Sentrum** Tennisspan het vanaf 28 Februarie tot 3 Maart 2025 aan die Menlo Mixit Tennistoernooi by Sun City deelgeneem. Eintlik was dit vir die span ‘n droom wat bewaarheid is.

Agt skole neem jaarliks aan hierdie baie gewilde toernooi deel. Spanne gaan tydens die toernooi in Sun City se Vacation Club tuis.

Hoërskool Bredasdorp se spelers het die geleentheid gehad om teen sterk kompetisie kragte te meet. Dis altyd ‘n goeie uitdaging om teen sterk skole buite die Overberg te kan meeding.

In die rondomtalie-afdeling van die toernooi word spanne in twee groepe verdeel. In hierdie afdeling was HSB se beste uitslag ‘n naelbytstryd teen Hoërskool Nelspruit. Mieke en Melissa Saayman het teen HS Nelspruit hul enkelwedstryde gewen. In die gemengde dubbels het die volgende pare geseëvier: Mieke Saayman en Jan-Carel Lochner, Minke Terblanche en Luan Prins, asook Melissa Saayman en Daniël Fourie.

Tussen al die tennisaksie was daar gelukkig genoeg tyd om Sun City ook te verken. Die spelers kon die Valley of Waves geniet en het ook twee aande hul vlughoue op die nuutgeboude Padel-bane, ingeoefen.

Die laaste twee dae speel spanne uit vir hul finale posisie in die toernooi. Hoërskool Bredasdorp moes eerstens kragte meet teen Hoërskool Midstream. Daar was baie op die spel en die afrigters en spelers was verstaanbaar gespanne. Die wedstryde is egter steeds in baie goeie gees gespeel.

Gelukkig het die Bredasdorpers hul beste tennis tot op daardie stadium in die toernooi opgelewer. Die volgende spelers het hul enkelwedstryde gewen: Minke Terblanche, Nina Terblanche, Mikhululi Tundezwa en Daniël Fourie. In die gemengde dubbels het die volgende kombinasies ook geseëvier: Minke Terblanche & Luan Prins, Nina Terblanche & Daniël Fourie, asook Lisa Bredell & Dirk Neethling. Hierdie oorwinnings het die span na die uitspeelrondte vir posisies vyf en ses laat deurdring.

Hewige donderstorms het ongelukkig die finale uitspeelrondte onmoontlik gemaak. Die ongelooflike ervaring wat leerders op die toer opgedoen het, het gelukkig die teleurstelling van die gekanselleerde finaal oorskadu.

Die toernooi was veral vir ons matrieks ‘n wonderlike manier om hulle skole tennisseisoen op ‘n hoogtepunt af te sluit.

Hoërskool Bredasdorp se tennis waardeer die toewyding, entoesiasme en energie wat die matrieks Mieke Saayman, Luan Prins, Minke Terblanche en Mkhululi Tundezwa vanaf 2021 na T4J gebring het.

Baie dankie aan mnr Terblanche, tennisorganiseerder, vir ure se harde werk om hierdie spelers se tennisdroom te verwesenlik. Dankie ook aan mnr Terblanche en me Prins wat die groep vergesel het. Ook aan mnr Andries Swart vir die veilige rit na en van die lughawe af.

**HOËRSKOOL BREDASDORP SE TENNISTOERSPAN**





## BOLAND ATHLETICS

We would like to congratulate Alicia Mukaratirwa, (GU.15, 400m), Kazimla Duti, (BU.15, 5000m walk) and Urlinn Henecke (BU.19, 100m) who were included in the Boland team. Good luck with the Western Cape Championships!

Many of our athletes performed well at the Boland Championships. Unfortunately, all results are not yet known.





Alicia Mukaratirwa and Kazimla Duti



Urlinn Henecke




**KWARTAALTEMA**

Voete op die grond